

24 Mei

Jesaja 30:1-18

Julle krag lê in stil wees en vertrouê hê

Optrede wat nie volgens die wil van die Here is nie loop uit op skade en skande. Die hoofstuk begin met: Ellende wag... Letterlik: Wee...! Dieselfde as wanneer ons ons hande saamslaan by aanskoue van 'n groot stommiteit wat ooglopend op 'n katastrofe gaan uitloop.

Juda keer na mense toe vir uitkoms in nood, eerder as na God. Vertrou op eie krag, mense, wat ook al, en dié ingesteldheid loop uit op allerhande plannetjies, - bedrog en geweld (verse 9,12). Sonde word op sonde gestapel (vers 1). Dit is die pad van eie mag met eie krag handhaaf. Vers 11 wys vir ons die skrikwekkende hiervan: Wie die waarheid van God se woord nie wil hoor nie, by hom/haar verdwyn die God van waarheid uit die hart. Hoe lyk so 'n volk se lewe? Hulle word verteer deur spanning en onsekerheid, val van bakboord na stuurboord om 'n staanplek te kry. Jy glo 'n leuen. Vers 5 en 13 skets die uiteinde van sulke planne. Wat 'n vermorste lewe! Valse vertrouê bring 'n lewe van gejaag en naarsig besig wees, ang en onvervuldheid. Alles tevergeefs!

Maar die Here is gretig om genadig te wees. Wat is nodig? Bkering. Berou oor valse vertrouê, verootmoediging voor God, bekering van onreg en geweld waarmee valse mag gerugsteun is, en vertrouê op God. Tweedens: Tot rus kom en stil wees: Dit is vertrouê op God. Jesus Christus het stil gewag op sy Vader se uitkoms en deur die dood heen die grootste oorwinning behaal.

So dra God die waarheid oor. Vertrouê op Hom bring rus: Gemoedsrus, stilte en kalmte van die Heilige Gees. Die een wat op Hom vertrou, kan rustig en kalm sy werk doen, besig wees met 'n sekerheid wat kalmte uitstraal. So anders as die gejaag na die guns van mense.

Sing: Psalm 68:9; 146:1,2,3

Ds. J. Malan (De Aar)